Aanhangsel - Spesifikasies vir Die Oog boukontrak

DIVERSE ITEMS - Moet saam met tekeninge gelees word. Waar teenstrydighede voorkom, moet dié in die onderstaande lys, dit op die tekeninge vervang. (Dit moet nieteenstaande gerapporteer word) Western Breeze mag alternatiewe goedkeur.

1. **Baddens -** 1700 PLEXICOR Carmen met verchroomde handvatsels.
2. **Toilette -** VAAL Hibiscus Close couple front flush met hout sitplek (wit). Verchroomde "Angle Valve".
3. **Handewasbakke -** Drop-in of Semi Drop-in soos aangetoon op plan.
4. **Storte -** Glas en aluminium storthokkie 2m hoog en soos getoon op plan. Mosaïekvloer (standaard vloerteëls gesny 100mm x 100mm) met aansluiting tot badkamervloer sonder hindernis (stortdeur tot op vloervlak). Hoogteverstelbare stortkop (handstort tipe).
5. **Badkrane -** ISCA CHLOE concealed mixer, ISCA NIKKI spout, GIO pop up waste.
6. **Stortkrane -** ISCA CHLOE concealed mixer, ISCA shower rail set, TOURBILLION square shower waste trap.
7. **Handewasbakkrane -** ISCA CHLOE basin mixer, GIO pop-up waste. Verchroomde bottelsperder.
8. **Ander badkamertoerusting -** Toiletrolhouers, handdoekrelings, seephouers en badkamerkassies word verskaf.
9. **Wasmasjien aansluitings -** Kouewater ISCA undertile stop cock with wall flange op 1200 hoogte. Geelkoper koppeling met skroefdraad op 600 hoogte.
10. **Opwasbak -** Vlekvryestaal dubbele opwasbak met ISCA CHLOE pilar type sink mixer, GIO pop-up waste.
11. **Wastrog -** Vlekvrye staal wastrog met verchroomde warm- en kouewaterkrane.
12. **Deurkosyne**
    - 12.1. **Buitedeurkosyn -** Standaard Meranti hardehout deurkosyn.
    - 12.2. **Binnedeurkosyn -** Standaard ligte profile Meranti hardehout deurkosyn met eierdop emalje afwerking.
13. **Deure**
    - 13.1. **Voordeur -** Meranti paneeldeur met dubbele silinder deurslot.
    - 13.2. **Kombuisdeur** (indien van toepassing) - Geraamde en geklampte Meranti houtdeur met soliede rugpaneel. Dubbele silinder deurslot.
    - 13.3. **Binnedeure -** Holkerndeur met gevormde patroon TDM Albany, Regency of Townhouse profiel met eierdop emalje afwerking. Tweeklawer deurslot.
    - 13.4. **Binnedeur** tussen garage en huis - Vlakpaneeldeur of Regency profiel soliede houtdeur. Tweeklawer deurslot
    - 13.5. **Motorhuisdeur -** Staal seksionele deur met afstandsbeheer. Kleur - Dolphin Grey.
14. **Drukverminderingskleppe -** 400kpa op hooftoevoer. Die totale installasie moet van gebalanseerde druk wees.
15. **Aluminium & glas skuifdeure -** Aluminiumraam met bronze afwerking . Die aluminium skuifdeurraam moet voorsien wees van 'n integrale spoor vir toekomstige opsionele insekskerms. Koste van opsionele insekskerms is vir die koper se rekening.
16. **Vensters -** Standaard staalvenster wat voldoen aan SANS spesifikasie met diefwering **of** standaard Aluminium venster met bronze afwerking (tipe op plan aangetoon). Opsionele skuifbare insekskerms. Koste van opsionele insekskerms is vir die koper se rekening.
17. **Vensterbanke**
    - 17.1. **Buite -** Gepleisterde baksteenvensterbanke. 40mm projeksie, sluit aan by 40mm projekterende vensteromranding.
    - 17.2. **Binne -** Vensterbanke soos vloere geteël.
18. **Plafonne -** Gepleisterde Gipsbord plafon (9mm borde) op 38x38 SA dennehout plafonlatte. Geprofileerde Polistireen kroonlys. Alle vertrekke en stoep, **behalwe motorhuis**, waar plafonne 'n opsionele ekstra is. 75m dik Poliëstervesel isolasie direk bo-op plafonlatte.
19. **Braaikaggel -** Voorafvervaardigde plaatmetaal kaggel met fabrieksgemonteerde elektriese lig. "Megamaster" 760x510x810
20. **Stoof -** Vierplaat elektriese HOB of gas-en-elektriese-kombinasie HOB sonder oond volgens PK-lys. LW. Oond of HOB **moet** met gas werk. Oond addisioneel en vir koper se koste.
21. **Geyser -** 150 liter Kwikot
22. **Kragpunte -** Soos getoon 600mm van grondvlak tensy anders aangedui op die plan. Interkomverbinding na hek en admin kantoor.
23. **Kaste -** Melamienkaste soos getoon op plan. Kombuis- en badkamerkaste met Post form Formica blaaie of graniet volgens PK-lys.
24. **Spieëls -** 1 x Spieël / slaapkamer (1000mm x 400mm) op binnekant van kasdeur.
25. **Vloerteëls -** Vloerteëls met 100mm teëlvloerlys regdeur.
26. **Gordynspore -** Dubbelspoor.
27. **Los toebehore -** Wasmasjiene, tuimeldroërs, yskaste, mikrogolfoonde ens. uitgesluit van koopkontrak.

28. **Wasgoedlyn -** 2 x PVC bedekte gevlegde staal draad wasgoedlyn op muurankers, 2m tot 2.5m lank
29. **Pre-paid meters -** Sal deur die aannemer verskaf en geïnstalleer word, by prys ingesluit.

LW: GEEN WYSIGINGS OP VERSOEK VAN EIENAARS MAG SONDER TOESTEMMING VAN DIE ARGITEK EN DIE ONTWIKKELAAR GEDOEN WORD NIE. DIT MOET DEUR DIE AGENT VERSOEK WORD.

DIE AANNEMER IS VERANTWOORDELIK VIR DIE FINALISERING VAN DIE AFWERKINGSKEDULE MET DIE EIENAAR EN ENIGE PRYSAANPASSINGS MOET SKRIFTELIK OOREENGEKOM WORD. DIT MOET DEUR DIE AGENT HANTEER WORD.

VERDERE SPESIFIKASIES

A. Grondvulling in lae van hoogstens 150mm teruggevul, natgegooi en gekompakteer volgens ingenieurspesifikasie.
    a. Grondvergiftiging volgens vervaardigerspesifikasies.
B. Beton strookfondamente of vlotfondament volgens ingenieurspesifikasie.
C. Vogweerlaag BRICKGRIP 375um.
D. 85mm Dik beton beddinglaag /vlot, op GUNPLAS USB GROEN 250um. Staalwapening volgens ingenieurspesifikasie.
    a. 25mm vlaklaag om afwerking te neem.
E. Gepleisterde baksteenmesselwerk. BRICKFORCE elke 4de steenlaag. 12mm sementpleister en verfafwerking.
    a. Binnemure - Gladde sement pleister met hoë kwaliteit binnemuurse PVA verf.
    b. Buitemure - Scratch Plaster met hoë kwaliteit buitemuurse verf.
F. Ongepleisterde baksteen brandmuur bokant plafonvlak tussen huis en motorhuis. Motorhuiskant gepleister en geverf indien geen plafon verskaf word nie.
G. 200 X 100 Beton plaveiselstene met afgeskuinste kante.
H. DAKKE
    a. PLAATMETAALDAKKE (soos op plan aangetoon)
    Golfsink met Chromadek afwerking op SA dennehout dakkonstruksie deur spesialis. Dakhelling is 30 grade en dakoorhang is ongeveer 500mm. 50 x 76 daklatte met spasiëring volgens dakplaat vervaardiger. Chromadek afgewerkte plaatmetaal voegskort en dekstrook by muuraansluitings. Chromadek afgewerkte plaatmetaal nokdekplaat. Veselsement fassie en windveer met lg. in kombinasie met gevormde Chromadek plaatmetaal dekstrook. (Gable trim flashing) 75mm Dik Poliëstervesel dakisolasie direk bo-op plafonlatte.

    OF

    b. TEëLDAKKE (soos op plan aangetoon)
    Marley Double Roman Plus betondakteëls op SA dennehout dakkonstruksie deur spesialis. Volledige dakkonstruksie en lê van dakteels volgens Marley spesifikasie. Nokdekteëls op plastiese onderlegsel volgens Marley spesifikasie. Dakhelling is 30 grade en dakoorhang is gelyk aan twee teëllengtes. 38 x 38 SA dennehout daklatte op plastiese onderlegsel wat aan SANS spesifikasie voldoen. 75mm dik Poliëstervesel dakisolasie direk bo-op plafonlatte. Chromadek afgewerkte plaatmetaal voegskort en dekstrook by muuraansluitings. Veselsement fassie.
I. Chromadek afgewerkte plaatmetaal skoorsteenvoegskort en dekstrook om waterdigte aansluiting te verseker - "charcoal" kleur. "Back gutter" volgens Marley spesifikasie by teëldakke.
J. 100 x 75 Chromadek afgewerkte "Seamless" Geute en afvoerpype.
K. Beton dakventilator in gewelmure.
L. Skermmure - 110mm dik gepleisterde en geverfde baksteen skermmuur volledig met fondasie en 220mm fondamentmuur. 220mm Verdikking op 3m h.o.h afstande en 170mm hoë dekstrook bo-op, hoogte volgens plan.
M. Keermure - 220 dik met 600x220 stutkolomme op afstande soos deur die Ingenieur bepaal, met saksmeer en Coprox waterdigting.